vrystaat

KUNSTEFEES
ARTS FESTIVAL
TSA-BOTJHABA

# Feesprogram / *Festival Programme* 2016

## 11-16 Julie / *July* 2016

Kaartjieverkope open 5 Mei 2016 by Computicket.
*Ticket sales open 5 May 2016 at Computicket.*

vrynge

www.vrystaatkunstefees.co.za
*www.vrystaatartsfestival.co.za*

Volksblad

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS UV

R20

vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA
LITERATUURFEES • LITERATURE FESTIVAL • DINGODILWENG

## Stigtersborg/ *Founder's sponsor*

Universiteit van die Vrystaat/ *University of the Free State*

## Donateurs/ *Donors*

ATKV, Institut Français, Media24, Nederlands Letterenfonds, Van Ewijck Stigting, Van Rensburg-patoloë, Vlaamse Fonds voor Vertaling, Vlaamse Regering

## Produksie-vennote/ *Production partners*

InSync, Jonathan Ball, KALM, LAPA, NALN, Naledi-uitgewers, NB-uitgewers, Penguin Random House Suid-Afrika, SunMedia, Wits University Press, XWord

#vslitfees

Dit is nie toeval nie dat skrywers in Bloemfontein rondom die tema "Ons Afrika" saamtrek. Dit is hiér, in die hartjie van die land, waar ons gaan nadink oor sake na aan die hart.

Die program wil dié eienskappe van 'n goeie boek weerspieël: dit wil vermaak, ontroer én prikkel. Kom beleef ons nuwe tuiste in die ATKV-Eeufees-gebou. Met die nuutste boeke te koop, goeie koffie, gerieflike sitplek, uitgesoekte kosse en drankies het jy niks meer nodig nie.

Dit is vir my 'n groot voorreg om betrokke te kan wees by hierdie eerste literatuurfees en ek wil graag alle borge bedank - in besonder prof. Jonathan Jansen en Cornelia Faasen van die Universiteit van die Vrystaat, wat in hierdie tye wat feeste afskaal, juis belê in 'n nuwe platform vir skrywers en boeke.

Ek verwelkom graag ons internasionale skrywers, onder wie Chika Unigwe, Zakes Mda, Jacob Dlamini, Wilfried N'Sondé en Kader Abdolah.

Geniet die fees – en onthou om boeke te koop!

*It is not by accident that authors will gather in Bloemfontein around the theme "Our Africa". It is here, in the heart of the country, where we will reflect on matters close to the heart.*

*The program wants to reflect these characteristics of a good book: entertaining, moving and stimulating. Come and experience our new home in the ATKV-Centenary Building. With brand new books on sale, good coffee, comfortable seating and drinks you don't need anything else.*

*It is a great privelege for me to be part of this very first literary festival and want to thank all sponsors – especially prof. Jonathan Jansen and Cornelia Faasen of the University of the Free State who are, at times when festivals are scaling down, rather investing in a new platform for writers and books.*

*I gladly welcome our international authors, amongst them Chika Unigwe, Zakes Mda, Jacob Dlamini, Wilfried N'Sondé and Kader Abdolah.*

*Enjoy the festival – and remember to buy books!*

Ha se ka phoso hore bangodi ba dibuka ba tlabe ba kobokane ka hare ho Mangaung (Bloemfontein) ho ikamahanya le sehlooho "Aforika Ya Rona" (Our Africa). E hona mona, pelong ya naha, moo re tla seka-sekang tse haufi le pelo.


Lenane-tsamaiso le batla ho kgutlela moraonyana le sheba semelo sa buka e monate, e tsikinyang le ho thabisang. Tlooho o tlo utlwa hore na ho jwang ntlong ya rona e ntjha ka hare ho moaho wa Centenary (Centenary Building). Ka dibuka tse ntjha-ntjha tse rekiswang, kofi e monate, ditulo tse Manobo-nobo le dino, o tlabe o sa hloke letho.

Ke tlotla e kgolo ho nna hore ke be emong wa baketeki ba mokete wa tsa dithuto hape ke rata ho leboha borakgwebo ba bileng le seabe – haholo jwang moporofesa Jonathan Jansen le Cornelia Faasen wa Unibesithing ya Foreisitata bao eleng hore, ka nako tse ding ha sekepe se wela, ba phakisi ho thus aka ho itseng ho bangoledi le dibukeng.

Ke thabela ho amohela bangodi ba rona ba tswang dinaheng tse ka ntle, ho bone ebe Chika Unigwe, Zakes Mda, Jacob Dlamini, Wilfried N'Zonde le Kader Abdolah.


Ketekang ha monate – hape le hopole ho reka dibuka!

**Theo Kemp, programbestuurder / *program manager***



Alle aanbiedings in die ATKV-Eeufeessaal tensy anders vermeld/
*All presentations in the ATKV-Centenary Hall, unless otherwise stated*

**Maandag 11 Julie**
***Monday 11 July***




## Laat daar lig wees


R20 60 min

Gawie Pistorius; Maretha Maartens (gesprekleier/*talk host*)

11 Jul, 13:00

Hierdie boek is 'n praktiese gids tot geloofsekerheid in 'n moderne wêreld vol onsekerhede, asook 'n handleiding tot die praktiese uitlewing daarvan. Dit verskaf nuwe en vars perspektiewe oor talle geloofsvrae van ons tyd, soos onder andere die stryd tussen geloof en wetenskap, die skepping (ses dae of 15 miljard jaar), evolusie, uitverkiesing, die maagdelike geboorte, hemelvaart van Jesus, en veel meer. Hierdie opwindende boek verskaf in eenvoudige gesprekstaal gemotiveerde antwoorde vir talle kwessies rakende die geloofsaspekte waarmee baie mense daagliks worstel.

*This book is a practical guide towards religious conviction in a modern world full of insecurities, as well as a practical realisation thereof. It provides new and fresh perspectives about many faith questions of our times, like the struggle between faith and science, the creation (six days or 15 billion years), evolution, doctrine of predestination, the virginal birth, ascension of Jesus, and many more. This exciting book provides in everyday language motivated answers for many issues about faith aspects that people struggle with daily.*




## Perspektief en Profiel

R20 60 min

Hennie van Coller; Anthea van Jaarsveld (gesprekleier/*talk host*)

11 Jul, 14:30

Die nuutste uitgawe van *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, is 'n omvattende werk met insette van vele persone in die Afrikaanse letterkunde, asook bydraes van buitelandse akademici. Dit is 'n resepsie-geskiedenis met diverse stemme. 'n Vonds vir die Afrikaanse letterkunde.

*The new edition of* Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis *is a comprehensive work with input from many persons in the Afrikaans literature, as well as contributions from foreign academics. It is a reception history with diverse voices. A treasure for the Afrikaans literature.*



## Dig/Bind/Hul

R120 60 min Kunstetrust-Odeion Olga Leonard, Babette Viljoen

BO Produksies Hemelbesem (Simon Witbooi), Olga Leonard, Babette Viljoen

11 Jul 15:00, 12 Jul 14:30

Poësie word die goue draad wat drie wêrelde saambind op een verhoog: kletsrym, letterkunde en musiek. Hemelbesem (Simon Witbooi) breek gedigte oop, terwyl Olga Leonard en Babette Viljoen (die span van *God die digter, 'n Eeu van Eybers, Totius: Die rus is elders* en *Skynskadu*) dit weer aanmekaar bind met toonsettings. Met gedigte oor Afrika en in Afrikaans deur digters soos Joan Hambidge, Ronelda S. Kamfer en Loftus Marais.

*Poetry is the golden thread that binds three worlds on one stage: hip hop, literature and music. Hemelbesem (Simon Witbooi) breaks open the poetry, while Olga Leonard and Babette Viljoen (the team of* God die digter, 'n Eeu van Eybers, Totius: Die rus is elders *and* Skynskadu*) bind it back together by setting it to music. Poetry about Africa and in Afrikaans by poets such as Joan Hambidge, Ronelda S. Kamfer and Loftus Marais.*




## Misdaadromans – is die waarheid vreemder as fiksie?

R20 60 min

Carla van der Spuy, Anel Heydenrych, Hannes Haasbroek, Bettina Wyngaard; Riette Rust (gesprekleier/*talk host*)

11 Jul, 16:00

Van misdaadfiksie, eroties-sielkundige rillers tot lekkerlees speurverhale – die Afrikaanse letterkunde ontplof met misdaadromans. Hoe werk die verskillende subgenres? Delf ons skrywers in die Suid-Afrikaanse werklikheid en die verskrikkinge wat elke dag in die koerant gelees word, om hul stories te skep? Hoe vergelyk ons misdaadromans met ander lande se gruwelstories? Carla van der Spuy (*Bloed op haar hande: vroue agter tralies*), Anel Heydenrych (*Malhuis*), Hannes Haasbroek (*Woudfontein*) en Bettina Wyngaard (*Slaafs*) in gesprek met Riette Rust (*Vlees en bloed*).

*From crime fiction and erotic psychological thrillers to popular detective stories – Afrikaans literature is exploding with crime novels. How do the various sub-genres work? Do our authors dig into the South African reality and the horrors read in the newspapers to create their stories? How do our crime novels compare with those of other countries? Carla van der Spuy (*Bloed op haar hande: vroue agter tralies*), Anel Heydenrych (*Malhuis*), Hannes Haasbroek (*Woudfontein*) and Bettina Wyngaard (*Slaafs*) in conversation with Riette Rust (*Vlees en bloed*).*


## Die liefde onder kruisverhoor

R20 60 min

Hans du Plessis, Bernette Bergenthuin

11 Jul, 17:30




Ds. Johannes van die Kolonie, Hans du Plessis se hoofkarakter in sy nuwe roman, *Tussen die klippe*, word in 1851 deur die Sinodale Kommissie gestuur om 'n saak van kerklike tug aan te hoor. Hy is ook maar mens en vind lyflikheid en geestelikheid bots. Vida, die hoofkarakter in Bernette Bergenthuin se *Viva la Vida*, is dertig en hou van haar werk. Dis haar ma en haar vriendinne wat bekommerd raak, nie sy nie. Tog raak sy verlief. Dit kan nie, dit mag nie. Hy is haar beste vriend en sy gaan nie dié vriendskap opfoeter nie. Du Plessis en Bergenthuin gesels oor hul jongste romans waarin die liefde onder kruisverhoor geplaas word.

*The rev. Johannes from the Colony, the main character in Hans du Plessis's new novel,* Tussen die klippe, *is sent in 1851 by the Synodal Commission to hear a case of ecclesiastical discipline. He is only human and finds that corporeality and spirituality clash. Vida, the main character in Bernette Bergenthuin's* Viva la vida, *is 30 and likes her work. It's her mom and friends who are worried, not she. Yet she falls in love. It cannot be, it must not. He is her best friend and she doesn't want to mess up this friendship. Du Plessis and Bergenthuin talk about their latest novels in which love is under cross-examination.*


**Dinsdag 12 Julie**
***Tuesday 12 July***

## Klimaatsverandering – wat beteken dit vir die Vrystaat?

R20 60 min

Bob & Mary Scholes; Ruda Landman (gesprekleier/*talk host*)

12 Jul, 08:30




Klimaatsverandering raak ons almal – veral in die Vrystaat waar die genadelose droogtes die provinsie teister. Wat is die langtermyn-implikasies van klimaatsverandering op die landbou in die Vrystaat? Hoe moet ons dit verstaan en daarby aanpas? Die leidende wetenskaplikes Bob en Mary Scholes, asook Mike Lucas, beantwoord in hul boek, *Climate change: Briefings from Southern* Africa, vrae wat gewone mense wil weet. Kom luister en praat saam.

*Climate change affects everyone – especially in the Free State where relentless droughts ravage the province. What are the long-term implications of climate change on agriculture in the Free State? How must we see this and adapt to it? The leading scientists Bob and Mary Scholes, as well as Mike Lucas answer in their book* Climate change: Briefings from Southern Africa, *questions ordinary people have. Come and join in the conversation.*

## Kort kursus in kreatiewe skryfkuns/ *Short course in creative writing*

R1 500 (kursusfooi/*course fee*)

Kanselierskamer (ATKV-Eeufeesgebou)/*Chancellor's Room (ATKV-Centenary Complex)*

Francois Smith, Henning Pieterse 12 – 14 Jul, 09:00 – 13:00





Hierdie kort skryfkursus sal vir drie dae gedurende die fees aangebied word en is gemik op opkomende en gevestigde skrywers van prosa en poësie wat raad nodig het oor die manuskripte waarmee hulle besig is of beoog om te skryf. Navrae en inskrywings by Francois Smith (051-401-2339 en smithfah@ufs.ac.za)


*This short writing course will be presented over three days during the festival and is aimed at budding and experienced writers of prose and poetry who need advice about the manuscripts they are working on or plan to write. Queries and entries to Francois Smith (051-401-2339 and* smithfah@ufs.ac.za)

## Lesingreeks/ *lecture series*: Karel Schoeman

Gratis/*Free* 90 min KALM & johannrossouw.co.za


Voorsitterskamer (ATKV-Eeufeesgebou)/*Boardroom (ATKV-Centenary Complex)*

Johann Rossouw 12 – 16 Jul, 10:00



Die skrywer en filosoof Johann Rossouw bied 'n reeks van vyf lesings aan oor Karel Schoeman se romans, waaronder (in volgorde) *Verkenning, Hierdie lewe, Verliesfontein, 'n Ander land* en *Die uur van die engel.* Daar sal gefokus word op die tema van tradisie en moderniteit in dié boeke. Dit word aanbeveel dat belangstellendes die romans vooraf lees. Lesings is gratis, maar om 'n sitplek te verseker, moet u vooraf per e-pos bespreek by mnr Percy Ngubane (2011072747@ufs4life.ac.za).

*Writer and philosopher Johann Rossouw presents a series of five lectures on the novels of Karel Schoeman, among them (in sequence)* Verkenning, Hierdie lewe, Verliesfontein, 'n Ander land *and* Die uur van die engel. *The focus will be on the theme of tradition and modernity in these books. It is recommended that those interested read these books beforehand. The lectures are free, but reserve a seat by e-mailing Mr Percy Ngubane (2011072747@ufs4life.ac.za).*




## Geagte Jahwe


R20 60 min

Willie Esterhuyse; Petrus Kuhne (gesprekleier/*talk host*)

12 Jul, 10:00

In *Geagte Jahwe* rig Willie Esterhuyse elf briewe direk aan Jahwe, God se Bybelse noemnaam. En hy skroom nie om kernsake van ons tyd oop te sny en basiese lewensvrae oop te boor nie – soos die stryd tussen gelowe en die ineenstorting van samelewings. Hy bied ook rigting vir soekende denkers oor 'n ander kyk op God vir ons tyd. Hy daag ons uit om verder te dink: met die "gees van omgee" wat verby die stukkend en seer kyk, na 'n wêreld wat menslik en leefbaar vir almal is.

*In* Geagte Jahwe *Willie Esterhuyse writes eleven letters directly to Jahwe, God's Biblical name. He doesn't hesitate to cut open essentials of our time and lay bare basic life problems – like the battle between religions and the collapse of societies. He points out directions for seeking thinkers about another view of God for our times. He challenges us to think further: with the "spirit of caring" that looks past the broken and the hurt to a world that is humane and liveable for all.*



## Die Anglo-Boereoorlog – nog steeds?

R20 60 min

Albert Blake, Johan Kruger, Francois Smith; Louis Bothma (gesprekleier/*talk host*)

11 Jul, 11:30

Die Anglo-Boereoorlog lê nog vlak in die gemoedere van Suid-Afrikaners. Dit is 'n oorlog waaroor skrywers nie uitgeskryf raak nie. Waarom is hierdie oorlog se impak so groot? Wat is die relevansie daarvan vir ons hedendaagse samelewing? Waarom verkoop hierdie literatuur so goed en wil mense nog daaroor lees? Albert Blake, (*Boereverraaiers* en *Broedertwis*), Johan Kruger (*Die dag van die lord*) en Francois Smith (*Kamphoer*), wat op uiteenlopende wyses oor die oorlog skryf, kom gesels saam.

*The Anglo Boer War is still close to the hearts of many South Africans. It is a war that writers just can't let alone. Why is the impact of this war so great? What is its relevance for the present society? Why does this literature sell so well and people want to read more about it? Albert Blake (*Boereverraaiers *and* Broedertwis*), Johan Kruger (*Die dag van die lord*) and Francois Smith (*Kamphoer*), who wrote from many angles about the war, join in the conversation.*



## Hoe getransformeerd is ons universiteite werklik?

R20 60 min

JC van der Merwe & Dionne van Reenen; Ruda Landman (gesprekleier/*talk host*)

12 Jul, 13:00

Die UV se "Reitz-insident" van 2008 word beskou as 'n kritieke stadium wat 'n moment definieer binne die landskap van hoër onderwys in post-apartheid Suid-Afrika. *Transformation and Legitimation in Post-apartheid Universities* ondersoek die gebeurtenis op sigself, die polemiek daar rondom, en ook die praktyke en idees waarbinne dit vasgelê was.

*The 2008 "Reitz incident" at the UFS is seen as a critical juncture which defines a moment in the post-apartheid South African higher education landscape.* Transformation and legitimation in the post-apartheid universities *conducts an in-depth investigation into the event itself, the rhetoric surrounding it, and the set of practices and ideas in which it was embedded.*



## Anderkant uit

R20 60 min

Hanlie Retief; Jens Friis (gesprekleier/*talk host*)

12 Jul, 14:30

Hanlie Retief is 'n alombekende joernalis en skrywer van die topverkoper-biografie *Byleveld*. In haar gewilde onderhoude in *Rapport* oorreed sy doodgewone én beroemde Suid-Afrikaners om lesers nie net in hul binnekamers in te nooi nie, maar ook hul harte behoorlik oop te maak. *Anderkant Uit* is 'n versameling van dié onderhoude, met mense wat deur trauma getref is en besluit het om weer op te staan.

*Hanlie Retief is a well-known journalist and author of the best-selling biography* Byleveld*. In her popular interviews in* Rapport *not only does she get ordinary and famous South Africans to invite readers into their homes, but also to open their hearts to them.* Anderkant uit *is a collection from these interviews with people who had been hit by trauma but who had decided to stand up again.*

# Verse op versoek

R60 55 min kykNET-Repteater Afr Nico Luwes, Johann Nell Nico Luwes
Nico Luwes, Johann Nel
12 Jul 15:00, 13 Jul 15:30, 16 Jul 12:30



Die bekende stemkunstenaar, akteur en radiospeler, Johann Nel, en Nico Luwes stel 'n lys van hul gunsteling-Afrikaanse gedigte op waaruit gehoorlede kan kies en die gedigte word dan volgens die gehore se versoek voorgedra. Woordliefhebbers kan ook vooraf hul gunsteling-gedig vir voordrag aan luwes@ufs.ac.za stuur. Kom herontdek en deel jou liefde vir die Afrikaanse digkuns!

*Johann Nel, well-known voice artist, stage and radio actor, teams up with Nico Luwes in compiling a list of their favourite poems from which audience members may choose and these choices will then be recited. Word lovers may also send in their favourite poems to luwes@ufs.ac.za to be recited. Come rediscover and share your love for Afrikaans poetry.*

# Missing

R20 60 min
John Kani; Zakes Mda (gesprekleier/*talk host*)
12 Jul, 16:00




John Kani, legendariese Suid-Afrikaanse akteur, regisseur en dramaturg, gesels oor sy jongste drama, *Missing*. Die toneelstuk vertel die verhaal van Robert Khalipa, 'n ANC-kameraad wat in Swede in ballingskap leef en uitgelaat is in die onderhandelinge. Robert is getroud met Anna, 'n welgestelde Sweed, en hulle het 'n dogter wat in 'n hospitaal in Stockholm praktiseer. Daar is ook Robert se protégé, Peter Tshabalala, wat, hoewel hy nie soos Robert 'n senior ANC-lid is nie, uitgenooi word om aan te sluit by die demokratiese Suid-Afrikaanse regering. Wat hierop volg, is 'n verhaal van leuens, rugstekery en teleurstellings. Die gesprek strek ook wyer – oor 'n lewe in die teater.

*John Kani, legendary South African actor, director and playwright, talks about his latest drama,* Missing*. It is about Robert Khalipa, an ANC comrade who lives in exile in Sweden and was left out totally during negotiations. He is married to Anna, a rich Swede, and they have a daughter who practices in a hospital in Sweden. There is also Robert's protégé, Peter Tshabalala, who has been invited to join the democratic South African government, even though he is not a senior ANC member. What follows is a story of lies, back stabbing and disappointments. The talk will reach wider – about a life in the theatre*

# Hoe skryf ons oor die verlede?

R20 60 min
Lindie Koorts, Mark Gevisser, Jill Weintroub, Hlonipha Mokoena; Vashna Jagarnath (gesprekleier/*talk host*) 12 Jul, 17:30




Hoe pak biograwe die projek aan om die Suid-Afrikaanse geskiedenis en historiese figure, gehaat en geliefd, te herskryf? Lindie Koorts (*DF Malan en die opkoms van Afrikaner-nasionalisme/DF Malan and the Rise of Afrikaner Nationalism*), Mark Gevisser (*Thabo Mbeki: The dream deferred*), Jill Weintroub (*Dorothea Bleek: A life of scholarship*), en Hlonipha Mokoena (*Magema Fuze: The Making of a Kholwa Intellectual*) gesels oor die uitdagings, vreugdes en verantwoordelikheid om die geskiedenis op te teken.

*How do biographers approach the project to rewrite the South African history and historical figures, beloved and hated? Lindie Koorts (*DF Malan and the rise of Afrikaner Nationalism*), Mark Gevisser (*Thabo Mbeki: The dream deferred*), Jill Weintroub (*Dorothea Bleek: A life of scholarship*), and Hlonipha Mokoena (*Magema Fuze: The Making of a Kholwa Intellectual*) talk about the challenges, joys and responsibilities to chronicle history.*

# Poort-slypskool / *Poort Workshop*


**Woensdag 13 Julie**
***Wednesday 13 July***

Flippie Groenewoudgebou, Blok 9A, K201/*Flippie Groenewoud Building, Block 9A, K201*
Jaco Jacobs, Gilbert Gibson, Hennie van Coller 13 –15 Jul, 08:30 – 17:00



Die Poort-slypskool vir prosa en poësie word aangebied deur die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV.

*The Poort Workshop in poetry and prose is presented by the department Afrikaans and Dutch, German and French in cooperation with the SA Academy for Science and Art and the Humanities Faculty at the UFS.*




## In die glasbal: wat hou die verkiesing in?


R20 60 min

o.a. Susan Booysen, John Matisonn; Ruda Landman (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 08:30

Die munisipale verkiesing is op hande en gaan vanjaar bepalend wees vir die politieke speelveld in Suid-Afrika. Is die ANC besig om stemme te verloor? Wat is die EFF se kanse om te groei in die verkiesings en gaan die DA beter vaar met 'n swart leier? Politieke kenners soos Susan Booysen (*Dominance and decline. The ANC in the time of Jacob Zuma)* en John Matisonn *(God, spies and lies*) gesels oor die politiek van die dag en waag voorspellings oor wat die politiek inhou.

*The municipal election is at hand. Will this year be definitive for the playing field in South Africa? Is the ANC losing votes? What are the EFF's chances to grow in the elections and will the DA do better with a black leader? Political analysts like Susan Booysen (*Dominance and decline. The ANC in the time of Jacob Zuma*) and John Matisonn (*God, spies and lies*) talk about politics today and predict what the future holds.*




## Donker stroom

R20 60 min

Carel van der Merwe; Hennie van Coller (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 10:00

In 1896, kort voor die Anglo-Boereoorlog, vertrek die jong koerantman Eugène Marais na Londen om regte te gaan studeer. Marais het sowat vyf jaar in Brittanje vertoef. In *Donker stroom* onthul Van der Merwe presies waarmee Marais hom tydens die oorlog besig gehou het – geskiedenis wat almal gedink het verlore is. Dié geskiedenis blyk nou het veel meer met Lord Milner, Percy FitzPatrick en die Randlords te doen as wat 'n mens jou kan indink. Kom luister waar Van der Merwe sy inligting opgediep het.

*In 1896, shortly before the Anglo Boer War, a young journalist, Eugène Marais, left for London to study law. Marais stayed in London for about five years. In* Donker stroom *Van der Merwe reveals what Marais was doing during those years – a history that everyone thought was lost. It seems now this history had more to do with Lord Milner, Percy Fitzpatrick and the Rand Lords than you could think possible. Come hear where Van der Merwe dug up his information.*




## Wat nou, Suid-Afrika?

R20 60 min

Theuns Eloff; Charles Smith (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 11:30

Om braaivleisvure skiet gewone Suid-Afrikaners se kommervlakke deesdae amper net so hoog op soos die vonke. Werkloosheid en verlammende armoede, die impak van regstellende aksie, die bedreigings vir die oppergesag van die grondwet, die probleme in ons onderwys, misdaad . . . Wat is die werklike toestand van ons land en sy mense? Theuns Eloff, skrywer van *Wat nou, Suid-Afrika?*, gesels oor hierdie moeilike vrae wat hy in sy boek aanspreek.

*Around braai fires the worrying levels of ordinary South Africans shoot up almost as high as the flying sparks. Unemployment and crippling poverty, the impact of affirmative action, the threats to the supremacy of the constitution, the problems in education, crime . . . What is the real condition of the country and its people? Theuns Eloff, author of* Wat nou, Suid-Afrika?, *talks about the difficult issues he addresses in his book.*




## Mishandel, misbruik, misken: Joey Haarhoff was my ma

R20 60 min

Amor van der Westhuyzen; Carla van der Spuy (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 13:00

Carla van der Spuy gesels met Amor van der Westhuysen, die berugte Joey Haarhoff se dogter, wat saam met die pedofiel Gert van Rooyen ses jong meisies ontvoer het. Amor se kinderjare was 'n riller, maar sy gesels oor die vasberadenheid om staande te bly en om haar lewe in 'n rigting te stuur van verlossing en hoop.

*Carla van der Spuy talks to Amor van der Westhuysen, daughter of the notorious Joey Haarhoff who kidnapped six young girls with the pedophile Gert van Rooyen. Amor's childhood was a horror, but she talks about her determination to remain standing and to direct her life towards redemption and hope.*

## Om die vreemde te (be)skryf

R20 60 min

Chika Unigwe, Kader Abdolah, Wilfried N'Sondé; Alfred Schaffer (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 14:30




Watter rol speel taal en kultuur in 'n skrywer se perspektief van die werklikheid, veral as dit 'n nuwe taal en vreemde land is? Wat is 'n eie taal en die invloed daarvan op 'n gedeelde konseptuele kyk op sosio-ekonomiese kwessies? Unigwe is in Enugu, Nigerië, gebore, maar verhuis na België waar sy naam maak as skrywer. N'Sondé is 'n Kongolees wat na Frankryk verhuis het. Abdolah vlug op sy beurt uit sy geboorteland, Iran, nadat hy twee kritiese romans geskryf het oor die lewe onder die Khomeini-regime. Ook Alfred Schaffer, wie se ma van Aruba kom, en sy pa 'n Nederlander is, maak naam as Nederlandse digter en woon deesdae in Suid-Afrika.

*What role does language and culture play in a writer's viewpoint on reality, especially if it is a new language or foreign country? What is a native language and the influence thereof on a shared conceptual view on socio-economical issues? Unigwe was born in Nigeria, but moved to Belgium where she made her mark as an author. N'Sondé originates from the Congo before he moved to France. Abdolah flees from his land of birth, Iran, after he wrote two novels critical of the Khomeini regime. Also Alfred Schaffer, whose mother hails from Aruba and his father is Dutch, made name as a Dutch poet, but now lives in South Africa.*

## Marga en Henriëtte: In die skadu van skisofrenie

R20 60 min

Marga van Rooy, Henriëtte Boot; Riette Rust (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 16:00




'n Verhaal van 'n ma en dogter se worsteling met skisofrenie. Die ma, bekende aktrise Marga van Rooy, en haar oudste dogter, Henriëtte, wat op agttien met skisofrenie gediagnoseer is, vertel hoe hulle nou, dertig jaar later, vrede gemaak het met die siekte en met mekaar.

*A story of a mother and her daughter's struggle with schizophrenia. The mother, well-known actress Marga van Rooy, and her eldest daughter, Henriëtte, who was diagnosed with schizophrenia at the age of eighteen, tell how they have, thirty years later, now made peace with the illness and with each other.*

## Slam poetry workshop

R50 120 min

Kanselierskamer (ATKV-Eeufeesgebou)/*Chancellor's Room (ATKV-Centenary Complex)*

13 Jul, 16.00-18.00



Sluit aan by SA se eerste nasionale *slam*-kampioen Koleka Putuma, Pieter Odendaal en die vername digter Makhafula Vilakazi vir 'n werksessie oor poësieskepping en -vertolking wat jou weer aan die gang sal kry.

*Come join SA's first national slam champ Koleka Putuma, Pieter Odendaal and distinguished poet Makhafula Vilakazi for a poetry creation and performance workshop that will get your juices flowing.*

## Historiese romans – hoeveel duimsuig?

R20 60 min

Irma Joubert, Kader Abdolah, Paul-Constant Smit; Riette Rust (gesprekleier/*talk host*)

13 Jul, 17:30



Historiese romans skep boeiende leesstof. Maar hoe naby is die feite aan die verlede en watter vryheid bied fiksie aan die skrywer? In hierdie sessie gesels die immergewilde Irma Joubert (skrywer van onder meer *Immer Wes*), Paul-Constant Smit (*Goud kan nie roes nie*) en Kader Abdolah, die Irannees-gebore skrywer wat in Nederlands skryf en in meer as 20 tale vertaal is, oor hul navorsing en wat die grens tussen vrye verbeelding en feite in hul werk is.

*Historical novels make for gripping reading. But how close are the facts to the past and which liberties does fiction allows the author? The ever-popular Irma Joubert (*Immer wes*), Paul-Constant Smit (*Goud kan nie roes nie*) and Kader Abdolah, the Iranian-born author who writes in Dutch and has been translated into more than 20 languages, talk about their research and the limits between free imagination and facts in their work.*


# Sol Plaatje-gedenklesing

Gratis/*Free* 80 min

Zakes Mda; inleiding/*introduction*: Mariza Brooks

13 Jul, 19:00







Met dié lesing word die nalatenskap van Solomon Tshekisho (Sol) Plaatje (9 Oktober 1876 – 19 Junie 1932) herdenk. Dié gebore Vrystater uit Boshof was 'n eersterangse taalkenner, wat naas sy moedertaal, Tswana, ook Engels, Afrikaans, Nederlands, Frans, Duits, Sotho, Zoeloe en Xhosa kon praat. Hy vertaal 'n aantal werke van swart skrywers in Europese tale, en Engelse werke, by name dié van William Shakespeare, in Tswana.

Zakes Mda, wat die eerste lesing sal lewer, is gebore in die Oos-Kaap in 1948, waarna hy grootgeword het in Soweto. Hy sluit later aan by sy pa wat in ballingskap in Lesotho was. Hier voltooi hy sy skoolloopbaan. Mda studeer en werk in Suid-Afrika, Lesotho, Brittanje en Amerika. Hy is die skrywer van verskeie hoogaangeskrewe toneelstukke, romans, gedigte en artikels vir akademiese publikasies. Sy kreatiewe werke sluit verder in skilderwerk, asook teater- en rolprentproduksies. Mda woon en werk in Ohio en sy nuutste boek, *Little Suns*, is vanjaar uitgereik.

*This lecture will pay tribute to the legacy of Solomon Tshekisho (Sol) Plaatje (9 October 1876 – 19 June 1932). Born in Boshof this Free Stater was a first rate linguist who could, besides his mother tongue, Tswana, also speak English, Afrikaans, Dutch, French, German, Sotho, Zulu and Xhosa. He translated some works by black writers into European languages, and English works, like those of Shakespeare, into Tswana.*

*Zakes Mda, who will deliver the first lecture, was born in the Eastern Cape in 1948 after which he grew up in Soweto. He later joined his father who was an exile in Lesotho. Here he completed his schooling. Mda studied and worked in South Africa, Lesotho, Britain and America. He is the author of various highly-regarded stage plays, novels, poems and articles for academic publications. His creative works include painting as well as theatre and film productions. Mda lives and works in Ohio and his latest book,* Little Suns, *was released this year.*

**Donderdag 14 Julie**
***Thursday 14 July***




# Born Free's – werklik?

R20 60 min

Melanie Verwoerd, Sonwabiso Ngcowa; Ruda Landman (gesprekleier/*talk host*)

14 Jul, 08:30

Daar word dikwels na Suid-Afrikaanse jong mense wat ná 1994 gebore is, verwys as die "vrygeborenes". Maar hoe vry is ons jong mense werklik? Is daar hoop op 'n beter toekoms vir ons kinders in dié land en hoe bekommerd moet ons wees oor wat byvoorbeeld aangaan op kampusse? Luister ons na die jong mense? Melanie Verwoerd en Sonwabiso Ngcowa (*21 at 21: The coming of age of a nation*), gesels saam met ander oor hoe die jeug werklik voel en moontlike oplossings.

*Young South Africans born after 1994 are often referred to as "born free's". But how free are our youth really? Is there hope for a better future for our children in this country and how worried should we be about what is happening on our campuses, for example? Do we listen to the youth? Melanie Verwoerd and Sonwabiso Ngcowa (*21 at 21: The coming of age of a nation*) talk about how the youth really feel and what could be possible solutions.*



# Die NG Kerk Jubeljaarboek

R20 60 min Jan van der Merwe, Jan Lubbe, Barnard Steyn 14 Jul, 10:00


Dié boek gedenk die 150-jarige bestaan van die NG Kerk se Sinode in die Vrystaat. In die boek word vertel hoe die kerk in die Vrystaat gevestig is, die rol van die kerk in die destydse Basotho-oorloë en die Anglo-Boereoorlog, asook in die Rebellie. Een van die insiggewende feite is dat die NG Kerk in die Vrystaat die eerste Sinode was wat Afrikaans as amptelike taal van die kerk aanvaar het. Die boek is geen selfverheerlikingskrywe nie, en fokus byvoorbeeld ook op die kerk se apartheidsverlede. Daar word ook gekyk na die kerk se dalende lidmaat-getal, die dilemma rondom Belhar en die verhouding tussen die NG Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) en die NG Kerk in Afrika (NGKA).

*The book celebrates 150 years of the Synod of the Dutch Reformed Church in the Free State. It tells how the church started in the Free State, the role of the church during the Basotho wars and later the Anglo Boer War, as well as the 1914 Rebellion. Illuminating is the fact that the Synod of the DR Church in the Free State was the first to accept Afrikaans as official language of the Church. The book is not self-praising; it focuses for example on the church's apartheid past. It also looks at the declining parishioners, the dilemma around Belhar and the relations between the DR Church, the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) and the DR Church in Africa.*

## RSG Blokraaitoernooi / *RSG Crossword Tournament*

R50 Inskrywingsfooi/*Entry Fee* Kom skryf in by die deur van Suidblok 1 vir Vrydag se deelname (sluit o.a. blokraaiboek in) / *Do your entry at the door of Suidblok 1 for Friday's participation (includes crossword puzzle book)*

**Lusmaker-blokraai & afskopgeselligheid vir genooide deelnemers & gaste/*Crossword appetizer & kick-off for invited participants & guests*:** 14 Jul, 10:00
**Blokraaitoernooi/*Crossword tournament*:** 15 Jul, 09:30, 12:30 & 16:30
**Halfeind/*Semi-final*:** 16 Jul, 11:30 (toeskouers gratis/*spectators free*)
**Eindronde/*Final*:** 16 Jul, 12:[illegible]0 (toeskouers gratis/*spectators*



Die *RSG Blokraaitoernooi*, aangebied in samewerking met die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV), is 'n splinternuwe toevoeging tot die Vrystaat Kunstefees se kalender. Deelnemers gaan op Vrydag, 15 Julie, teen mekaar (én teen die horlosie) meeding om die finaliste te bepaal wat sake in 'n eindstryd gaan uitspook. Op die spel is onder andere die titel: Suid-Afrika se Eerste Blokraaikampioen. Alle blokraaie word deur die maatskappy Xword verskaf.

*The* RSG Crossword Tournament *presented with the department Afrikaans and Dutch, German and French (UFS) is something new on the Vrystaat Arts Festival's calender. Participants will compete against each other (and the clock) on Friday 15 July to see who will be in the final to compete for the title South Africa's first crossword puzzle champion. All crosswords are provided by the company Xword and are in Afrikaans.*

## Afrika, hoe skryf ons jou?

R20 60 min Ingrid Winterbach, Ivan Vladislavic, Chika Unigwe, Wilfried N'Sonde, Francois Smith (gesprekleier/*talk host*)
14 Jul, 11:30



Hoe word Afrika verteenwoordig in die Suid-Afrikaanse letterkunde? Hoe reageer ek as skrywer op die Suid-Afrikaanse werklikheid? Of meer nog: hoe kom Afrika na vore in die werk van 'n skrywer, oorspronklik van hierdie kontinent, maar wat nou elders woon? Wat vra Afrika van my as skrywer en hoe reageer ek hierop?

*How is Africa represented in the South African literature? How do I as writer react to the South African reality? How does Africa appear in the work of an author, originally from this continent, but who is living elsewhere? What does Africa ask of me as writer and how do I react to it?*

## Omega oor en uit

R20 60 min
Francois Verster; Rudie van Rensburg (gesprekleier/*talk host*)
14 Jul, 13:00




Verster deel skreeusnaakse ervarings in die weermag van ouds; van aggressiewe korporaals, dodelike verveling en rigiede reëls wat geen individualiteit toelaat nie. Sy staaltjies word verweef met 'n tweede, ernstiger verhaallyn wat in die hede afspeel en gaan oor sy lewe as 'n argivaris in Kaapstad. By die argief moet hy as't ware 'n tweede keer diensplig vir sy land doen, omdat hy weens regstellende aksie oorgesien word vir bevordering. Dié geensins verromantiseerde storie bied 'n vars hoek op die Grensoorlog-genre, maar werp ook lig op die wyse waarop talle Afrikaner-mans in hul middeljare die nuwe Suid-Afrika beleef.

*In a farcical way Verster tells of his experiences in the army of yesteryear; from aggressive corporals, deadly boredom to rigid rules that left no gap for individuality. There is a second, more serious storyline, Francois' life in the present as archivist in Cape Town. It's as if he is doing conscription for his country for a second time, because affirmative action prohibits him being promoted. The story is not romanticised and presents a fresh outlook in the Border War genre, but also sheds light on the way many Afrikaner men in their middle age experience South Africa.*


## Die ander 80's

R20 60 min
Ivan Vladislavic, Kirby van der Merwe, Jacob Dlamini; Johann Rossouw (gesprekleier/*talk host*)
14 Jul, 14:30



In die werke van skrywers soos Ivan Vladislavic (*The folly, Portrait with keys, Double negative*), Johann Rossouw (*Verwoerdburg*), Jacob Dlamini (*Native nostalgia*) en Kirby van der Merwe (*Klapperhaar slaap nie stil)* word alternatiewe narratiewe vir die jare tagtig geskep. Hierdie skrywers gesels oor dié stormagtige tyd in ons geskiedenis.

*In the work of writers like Ivan Vladislavic (*The folly, Portrait with keys, Double negative*), Johann Rossouw (*Verwoerdburg*), Jacob Dlamini (*Native nostalgia*) and Kirby van der Merwe (*Klapperhaar slaap nie stil*) alternative narratives for the eighties are created. These authors talk about this stormy time in our history.*





## Vlakwater

R20 60 min

Ingrid Winterbach; Hennie van Coller (gesprekleier/*talk host*) 14 Jul, 16:00

Ná die verbrokkeling van sy verhouding vestig die kunstenaar Niek Steyn hom in Kaapstad. Wanneer een van Marthinus Scheepers se varke in Niek se tuin beland, raak hulle bevriend. Charelle Koopman, Niek se loseerder, verdwyn eendag, en 'n welaf kunstenaar maak 'n verdagte aanbod op Niek se huis. Op Stellenbosch skryf 'n vrou met 'n haaslip 'n monografie oor die kuns van die Olivier-broers, en word op 'n dag ooggetuie van 'n moord. Kort hierna nader 'n holwangkêrel haar met 'n vreemde voorstel. Dit is die gegewens van die veelbekroonde Ingrid Winterbach se nuutste roman, *Vlakwater.* Van Coller gesels met haar hieroor, maar ook oor haar skrywerskap in die algemeen.

*After breaking off a relationship Niek Steyn relocates to Cape Town. He becomes friends with Marthinus Scheepers when one of his pigs lands up in Niek's garden. Charelle Koopman, Niek's boarder, disappears one day, and a well-off artist makes a dubious offer on Niek's house. In Stellenbosch a woman writes a monograph about the art of the Olivier brothers, and becomes witness to a murder. Then a hollow-cheeked man approaches her with a strange proposition. This is the content of the much-lauded Ingrid Winterbach's new novel,* Vlakwater. *Van Coller talks to her about it, but also her authorship in general.*




## Pirana

0 60 min

Rudie van Rensburg; Gert Coetzee (gesprekleier/*talk host*)

14 Jul, 17:30

Rudie van Rensburg se debuutroman, *Slagyster*, was een van die finaliste vir die Jan Rabie-Rapport-prys vir Afrikaanse debuutfiksie in 2013. Daarna verskyn *Kopskoot* en *Judaskus*. Gert Coetzee gesels met Van Rensburg oor sy vierde spanningsroman, *Pirana*.

*Rudie van Rensburg's debut novel,* Slagyster, *was a finalist for the Jan Rabie Rapport Prize for an Afrikaans fiction debut in 2013. Then followed* Kopskoot *and* Judaskus. *Gert Coetzee talks to Van Rensburg about his fourth suspense novel,* Pirana.



## Sjef Snoekie laat die potte sing

R250 (ete ingesluit/*meal included*) 90 min Oude Kraal-restaurant, Die Dagbreek Trust-Van der Merwe Scholtzsaal Marlise Scheepers; Mariëtta Kruger (gesprekleier/*talk host*)

14 Jul, 19:00

Marlise Scheepers, oftewel Sjef Snoekie, is 'n vrou van vele talente – sy is 'n sangerliedjieskrywer, sy blog en sy kook 'n hond uit 'n bos uit. Haar aweregse sin vir humor en slag met kos word in *Laat die potte sing!* gekombineer. Nie net bevat dit besondere resepte nie, maar ook heerlike stories en beskrywings.

*Marlise Scheepers, or rather Chef Snoekie, is a woman of many talents – she is a singer-songwriter, she blogs and she can cook with the best. Her weird sense of humour and her knack with food is combined in* Laat die potte sing! *Not only does it contain special recipes, but also delightful stories and descriptions.*



## Poetry slam

R50 120 min

14 Jul, 20:00

'n Beroep op digters van alle tale en gelowe: Kom baklei dit uit in 'n poësie-*slam* om te sien wie word gekroon as die Vrystaat Literatuurfees se *slam*-kampioen. Die beoordelaars is Thabiso Nkoana, Vangi Gantsho en Rimestein. Die gasheer is Adrian "Diff" van Wyk. Kom ervaar Bloemfontein se wye poësielandskap en ontdek nuwe stemme. Drie rondes (1 min, 2 min, 3 min); drie kanse om jou talent te toon.

*Calling poets of all tongues and creeds! Come and fight it out in the poetry slam in order to be crowned as the Vrystaat Literary Festival slam champ. The judges who will decide your fate are Thabiso Nkoana, Vangi Gantsho and Rimestein. Hosted by Adrian "Diff" van Wyk. Experience the vast landscape of poetry that Bloemfontein has on offer and discover new voices. Three rounds (1 min, 2 min, 3 min); three chances to showcase your skills.*

## Mokete Poetry Explosion

R50 180 min OFM-Albert Wessels-ouditorium/*Auditorium* Inheemse tale/ *Indigenous languages* Charmaine Kolwane Mrwebi o.a. Charmaine Kolwane Mrwebi 14 Jul 21:00, 15 Jul 10:00



Charmaine Mrwebi is digter, uitgewer, mentor, skrywer en storieverteller. In hierdie digterlike ontploffing word inheemse klanke, a cappella-sang, instrumente en dans gekombineer.

*Charmaine Mrwebi is a poet, publisher, mentor, writer and story teller. This poetic explosion combines indigenous sounds and a cappella singing, instruments and dance.*

## De Vette Mossel

R20 Niël du Bois De Vette Mossel-restaurant 13 Jul, 13:00




*De Vette Mossel* is propvol inligting oor die seelewe en veral seekos – hetsy vars uit die see, of bevrore uit jou plaaslike supermark. Dit kan as handleiding dien vir enigeen wat net-net 'n eier kan bak. Niël du Bois – wat ook gedurende die kunstefees die gewilde De Vette Mossel-restaurant bedryf – sal meer vertel oor die geheime resepte in sy boek.

De Vette Mossel *is full of information about marine life and especially seafood – whether its fresh from the ocean or frozen from your local supermarket. It can be used as a guide by anyone who can just manage to fry an egg. Niël du Bois – who also runs the popular De Vette Mossel restaurant during the festival – will tell more about his secret recipes in the book.*

## Die nuwe gesig van Afrika

**Vrydag 15 Julie**
***Friday 15 July***

R20 60 min Achille Mbembe, Victor Kgomoeswana, Kevin Bloom, Richard Poplak; Ruda Landman (gesprekleier/*talk host*) 15 Jul, 08:30




Afrika faal. Afrika is suksesvol. Afrika verraai sy burgers. Afrika is 'n plek van korrupsie, siektes en hongersnood. Afrika se ekonomie groei vinniger as ooit. Afrika put sy laaste bronne uit. Afrika is die padkaart na globale ontwikkeling. Dit is 'n kontinent van teenstrydighede wat besig is om onherroeplik te verander, bevind Kevin Bloom en Richard Poplak in hul boek *Continental shift*, wat hul vir nege jaar deur Afrika neem. Hoe lyk die nuwe gesig van Afrika? Achille Mbembe, filosoof en skrywer (*On the postcolony*), besin saam met Bloom, Poplak en Victor Kgomoeswana (*Africa is open for business*) oor die vooruitsigte van ons kontinent.

*Africa fails. Africa succeeds. Africa betrays its people. Africa is a place of corruption, illness and famine. Africa's economy is growing faster than ever. Africa depletes its last resources. Africa is the road map to global development. It is a continent of contradictions that is changing irrevocably, finds Kevin Bloom and Richard Poplak in their book* Continental shift, *which took them for nine years through Africa. What is the new face of Africa? Achille Mbembe, philosopher and writer of* On the postcolony, *reflects with Bloom, Poplak and Victor Kgomoeswana (*Africa is open for business*) on the prospects of our continent.*

## Apartheid-spoke uitdryf

R20 60 min Sylvia Vollenhoven; Kirby van der Merwe (gesprekleier/*talk host*) 15 Jul, 10:00




Vollenhoven vertel in haar boek *The keeper of the Kumm* die aangrypende verhaal van haar soeke na 'n identiteit en hoe om uiteindelik ontslae te raak van die spoke van die verlede. Eers was sy as "mixed" aangedui op haar geboortesertifikaat; toe deur die Apartheidsregering as "coloured" onderdruk. Daarna word sy deel van die swart bewussyn-beweging, maar die "swart"-etiket sê niks van haar geskiedenis nie. Toe, nadat sy ernstig siek raak, begin sy om haar Khoisan-agtergrond op te diep om te verstaan hoe haar mense inpas in hierdie land en kontinent.

*In her book* The keeper of the Kumm *Vollenhoven tells the moving story of her search for identity and how she has been forced to exorcise the ghosts of the past. First she was classified "mixed" on her birth certificate, then suppressed by the Apartheid government as "coloured". She embraced the black consciousness movement but a "black" label said nothing of her history. After becoming seriously ill she started delving into her Khoisan heritage to understand how her people fit into this country and this continent.*




## Kinderstories vir Afrika

R20 60 min
Wendy Maartens, Sindiwe Magona, Chris Chameleon, Jaco Jacobs; Amanda Botha (gesprekleier/*talk host*) 15 Jul, 11:30

Ons het soveel kulture en soveel stories om te vertel. Verhale eie aan ons fassinerende land en vasteland. Maar hoe ver het ons al gevorder om gedeelde karakters te skep wat deur alle Suid-Afrikaanse kinders geken en waardeer kan word? Moet ons nie harder werk om ons kinders se verbeeldings te prikkel deur verhale uit eie bodem nie? Hoe kan ouers stories vir hul kinders opmaak?

*We have so many cultures and so many stories to tell. Stories peculiar to our fascinating land and continent. But how far have we come in creating shared characters who will be known and appreciated by all South African children? Shouldn't we work harder to stimulate our children's imagination by our own stories? How can parents make up stories for their children?*



## Woorde hulle storie sien ken

R20 60 min
Bernard Odendaal; Gilbert Gibson (gesprekleier/*talk host*)
15 Jul, 13:00

Bernard Odendaal, wat buite Bloemfontein grootgeword het en hier studeer en later klasgegee het aan die Universiteit van die Vrystaat, is die direkteur van die ATKV-Skryfskool aan die Noordwes-universiteit op Potchefstroom. Sy debuut-digbundel, *Onbedoelde land*, het in 2007 by Tafelberg verskyn, en was op die kortlys vir die Ingrid Jonker-prys. Gedigte daaruit is opgeneem in die bloemlesings *Groot verseboek* en *Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte*. In 2016 stel hy 'n bundel essays en rubrieke bekend, *Woorde hulle storie sien ken,* waaroor hy met Gilbert Gibson gesels.

*Bernard Odendaal, who grew up outside Bloemfontein and studied here and later lectured at the University of the Free State, is the director of the ATKV-Skryfskool at the Northwest University in Potchefstroom. His debut volume of verse,* Onbedoelde land, *was published in 2007 by Tafelberg. It was on the shortlist for the Ingrid Jonker Prize. Poems from it were incorporated into* Groot verseboek *and* Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte. *In 2016 he issued a volume of essays and columns,* Woorde hulle storie sien ken *– this is what he will be talking about.*




## Ernst van Heerden – 100 Jaar

R20 60 min ATKV-Eeufees-hoofsaal
Adam Small, Bernard Odendaal, Leana Lategan; Hennie van Coller (gesprekleier/*talk host*)
15 Jul, 14:30

Ernst van Heerden, bekende digter en akademikus, sou vanjaar sy honderdste verjaardag gevier het. In hierdie program word hulde gebring aan Van Heerden deur mense wat hom onthou as mens agter sy skryfwerk.

*Ernst van Heerden, well-known poet and academic, would have celebrated his hundredth birthday this year. In this programme people who remember the man behind his writing pays tribute to Van Heerden.*




## Deur die oë van 'n kind

R20 60 min
Dominique Botha, Kader Abdolah, Sindiwe Magona; Amanda Botha (gesprekleier/*talk host*)
15 Jul, 16:00

Ons kyk na kinderperspektiewe in die letterkunde, en die belang en egtheid van hierdie jong oë wat die leser se verbeelding aangryp. In 'n Suid-Afrikaanse konteks is dit opvallend hoe die kindervertellers en die plattelandse lewe (dink maar aan Alba Bouwer en MER) dikwels op mekaar inspeel. In 'n groter wêreldkonteks is dit juis die pakkende kinderperspektief in boeke soos *To kill a mockingbird* van Harper Lee wat daarvan 'n wegholsukses help maak het. Hoe werk die kinderperspektief, wat is die bydrae daarvan tot ons letterkunde en hoe speel die politiek van die dag in op hoe ons kindervertellers hul mede-karakters sien?


*We look at children perspectives in literature, and the importance and authenticity of these young eyes that catch the reader's imagination. In a South African context it is conspicuous how the child narrators and country life (compare Alba Bouwer and MER) interact on each other. In a bigger world context it is the child's perspective that made best sellers of books like Harper Lee's* To kill a mockingbird. *How does the child perspective work, what is its contribution towards our literature and how do the politics of the day interact with how our child narrators see their fellow characters?*

## Adam Small - 80 jaar / 80 years

R20 60 min

Adam Small; Pieter Odendaal (gesprekleier/*talk host*)

15 Jul, 17:30





Met Adam Small se dankwoorde by die ontvangs van die Hertzogprys vir Drama, verwys hy na Pieter Odendaal en sy gedig *Die eerste steen*: "Ek sê graag aan die jong digter Pieter Odendaal, na aanleiding van sy roerende reëls waarin hy my vra om te aanvaar dat sy pa wat indertyd in die sogenaamde grensoorlog betrokke was, 'n goeie man is: Glo my, ek het begrip daarvoor dat goeie mense ingesuig is deur die siekte van apartheid. Ek verstaan." Nou, paar jaar later, gesels die gevierde Adam Small met Odendaal oor 'n lewe van verse en verwondering, asook oor sy nuutste drama, *Maria, moeder van God*.

*On receiving the Hertzog Prize for Drama Adam Small referred to Pieter Odendaal and his poem* Die eerste steen*: "I would like to say to the young poet Pieter Odendaal, in connection with his moving lines in which he asks me to accept that his father who was part of the so-called border war, is a good man: Believe me, I can understand that good people were sucked in by the sickness of apartheid." Now, a few years later, the revered Adam Small talks to Odendaal about a life of verse and wonder, as well as his new drama,* Maria, moeder van God.

## Storievuur

R250 (ete ingesluit/meal included) 90 min Dana Snyman, Johan Bakkes, Pienkes du Plessis Oude Kraal-restaurant, Dagbreek Trust-Van der Merwe Scholtzsaal

15 Jul, 19:00




Skuif nader aan die storievuur en laat die immergewilde skrywers Dana Snyman (*In die blou kamp*), Johan Bakkes (*Openbaring*) en Pienkes du Plessis (*Robbie se broer se roer en ander jagstories*) jou op reis neem met hul vertellings wat wissel van stories oor Facebook, die koudste en warmste plekke ter wêreld en die jagveld.

*Move closer to the story fire and let the ever-popular writers Dana Snyman (*In die blou kamp*), Johan Bakkes (*Openbaring*) and Pienkes du Plessis (*Robbie se broer se roer en ander jagstories*) take you on a journey with narrations that vary from stories about Facebook, the coldest and warmest places in the world and the hunting grounds.*

## Poësieviering en oop mikrofoon / *Poetry celebration and open mic*

R50 120 min 15 Jul, 20:00



Die poësie by die Vrystaat Literatuurfees kulmineer met dié aand van woordakrobatika en plofbare verbeeldings. Kom kyk hoe van die land se beste woordsmede die skeure van jou verstand met woorde vul. Met Makhafula Vilakazi, Rimestein, Koleka Putuma, Pieter Odendaal, Thabiso Nkoana en Vangi Gantsho. Die gasheer is Adrian "Diff" van Wyk. Oop mikrofooninskrywings die aand.

*The poetry at FSLF culminates on this evening of verbal acrobatics and explosive imaginations. Come and see how some of the country's best wordsmiths carve out words in the crevasses of your mind. With Makhafula Vilakazi, Koleka Putuma, Pieter Odendaal, Thabiso Nkoana, Vangi Gantsho and Wilfried N'Sondé. Hosted by Adrian "Diff" van Wyk. Open mic sign-ups on the night.*

**Saterdag 16 Julie**
***Saturday 16 July***

## Fees van die sintuie met Marita van der Vyver

R220 (ete ingesluit/brunch included) 180 min

Marita van der Vyver, Hennie van Coller (aanbieder/*presenter*), Anthea van Jaarsveld (organiseerder, leser/*organiser, reader*), Nicol Viljoen (pianis/*pianist*), Take Note 16 Jul, 08:30



Dié gewilde kulinêre ontbytprogram is 'n instelling by die fees. Feesgangers het die geleentheid om puik kos en wyn te geniet, te luister na musiek van hoë gehalte en boonop 'n spesiale skrywer van nader te leer ken. Vanjaar is die gasskrywer die alombekende Marita van der Vyver wat self 'n kenner van kos-en-wyn is. Haar gewilde boek, *Dis koue kos, skat*, is pas verwerk tot 'n rolprent wat vanjaar landwyd in teaters draai. Sien uit na 'n onderhoud met die skrywer, 'n voorlesing uit dele van haar werke, musiek, Steenberg-wynlandgoed se voorste wyne, asook die bekende sjef Suné Niemand van Upper Crust se uitsoek-geregte. *Ondersteun deur Van Rensburg-patoloë*

*This popular culinary breakfast happening is an institution at the festival. Festival-goers get the chance to enjoy excellent food and wine, listen to good music and get to know a special writer up close. The guest writer this year is the well-known Marita van der Vyver who is a connoisseur of food and wine herself. Her popular book* Dis koue kos, skat *has recently been filmed and will be released this year. Look forward to an interview with the author, a reading from some of her works, music, Steenberg Wine Estate's best wines, as well as delectable dishes by chef Suné Niemand (Upper Crust).*

Supported by Van Rensburg Pathologists




# Kos uit die Kaapse spens

R20 60 min

Kulsum Kamalie, Flori Schrikker en Amore Bekker (gesprekleier/*talk host*)

16 Jul, 13:30

Kos kom altyd met herinneringe; dit is koesterend. Kulsum Kamalie en Flori Schrikker (Kaapse kos) gesels met Amore Bekker van RSG oor hul liefde vir kosmaak, waar die inspirasie vandaan kom en deel stories uit hul spens.

*Food always awakens memories; it is cherishing. Kulsum Kamalie and Flori Schrikker (Kaapse kos) talk to Amore Bekker of RSG about their love for cooking, where their inspiration come from and share stories from their pantries.*



# Kroonstad

R20 60 min

Tshepo Moloi, Willem Krog; Johann Rossouw (gesprekleier/*talk host*)

16 Jul, 15:00

Tshepo Moloi belig met sy boek *Place of Thorns: Black political protest in Kroonstad since 1976*, 'n deel van Kroonstad wat Max du Preez, ook 'n boorling van Kroonstad, laat opmerk: "This lesser known part of my hometown's history has cried out to be documented for a long time, and now it is done in an authoritative, engaging way." Willem Krog, ook van Kroonstad, gesels saam met Moloi oor hierdie geskiedkundige belangrike plek in die Vrystaat en die invloed van apartheid op ons narratief van grootwordplekke.

*In his book* Place of Thorns: Black political protest in Kroonstad since 1976 *Tshepo Moloi sheds light on a part of Kroonstad that makes Max du Preez, originally from Kroonstad, remark: "This lesser known part of my hometown's history has cried out to be documented for a long time, and now it is done in an authoritative, engaging way." Willem Krog, also from Kroonstad, joins in conversation with Moloi about this historically important place in the Free State and the influence of apartheid on our narrative of growing up places.*




# Oor die liefde

R20 60 min

Sophia Kapp, Santie van der Merwe

16 Jul, 16:30

Sophia Kapp (*Oorlewingsgids vir 'n bedonnerde diva*) en Santie van der Merwe (*Anderkant vergeet*) skryf vir vroue, en oor die liefde, oor alle aspekte daarvan: die opwinding en die seer; die maklik en die swaar; die lig en die donker. Hul heldinne is vroue wat verstaan dat verhoudings nooit maklik of eenvoudig is nie en dat die lewe soms meer uit 'n vrou tap as wat sy het om te gee.

*Sophia Kapp (*Oorlewingsgids vir 'n bedonnerde diva*) en Santie van der Merwe (*Anderkant vergeet*) write for women, and about love, all aspects of it: the excitement and the hurt; the easy and the difficult; the light and the dark. Their heroines are women who realise that relations are never easy or simple and that life sometimes requires more from a woman than she can give.*




# Cass Abrahams: 'n lewe met kos

R20 60 min

Cass Abrahams en Marike Bekker

16 Jul, 18:00

Die legendariese Cass Abrahams gesels met Marike Bekker (skrywer van Cass Abrahams: 'n lewe met kos) oor waar haar liefde vir kosmaak vandaan kom en haar gunsteling-geregte.

The legendary Cass Abrahams talks to Marike Bekker (author of Cass Abrahams: 'n lewe met kos) about her interest in food and her successfull career in the food industry.